



## Ons bid vir die gesaaides, en dank U vir die oes

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die Hervormde Kerk het die mooi gebruik om 'n Biddag vir die Gesaaides en 'n Dankdag vir die Oes op die kalender te hê. Ons vier dié dag eerskomende Sondag. Die Kerk se lidmate is lankal nie meer 'n meerderheid landbouers nie. Tog, elkeen wat eet van dit wat die landbouers produseer, behoort daarvoor te bid en te dank.**

**Die gesaaides en oes het ook 'n figuurlike betekenis gekry. Dit het eintlik 'n bid- en 'n dankdag vir ons arbeid geword. Ons bid vir ons werk en die vrug daarop. Sommige van ons werk, ander het gewerk, ander gaan nog werk, en ongelukkig is daar baie wat wil werk, maar nie werk het nie en nie werk kry nie. Daar is ook hulle wat nie kán werk nie, vir wie dié wat werk, moet sorg.**

Here God, ons aanbid U as die Lewende God, die Skepper en Onderhouer van u skepping. Ons aanbid U as ons Vader in Jesus Christus. Ons dank U vir die verlossing uit ons grootste nood, ons sondeskuld. Ons dank U dat ons daarom as u kinders ook met ons aardse nood na U kan kom. U weet wat ons nodig het beter as onself. Ons bely ons totale afhanklikheid van U wanneer ons hierdie dinge van U bid.

Ons dank U vir die kos wat ons het en ons bid vir die mense wat nie weet waar vandag se kos vandaan gaan kom nie.

Ons dank U vir die gesondheid dat ons kan eet en bid vir hulle wat so siek is dat hulle nie kán eet nie.

Ons bid vir die landbouers en hul werkers vir veiligheid, krag en seën; ons bid vir reën en vir sonskyn op die regte tyd. Ons bid vir hulle waar dit al jare lank droog is: Gee uitkoms, Here.

Ons loof U vir die wonder van graan wat met hul eerste groen blaartjies deur die grond breek, vir lammertjies wat huppel en kalwers wat bokspring.

Ons bid vir hulle wat leef met vrees vir plaasaanvalle en wakker lê oor die onsekerhede van grondonteiening sonder vergoeding.

Seën ons arbeid, Here, dat daar goeie vrug sal wees waardeur U gedien en gedank sal word. Ons dank U vir die geleentheid om te kan werk, en ons bid vir hulle wat nie werk het nie, veral vir hulle wat al so lank werk soek en moedeloos geword het en hoop verloor het.

Ons bid dat ons ons gawes en talente sal gebruik om vir U te werk.

Ons bid vir wysheid in ons optrede teenoor ons kollegas, teenoor hulle wat ons meerdere is én teenoor hulle wat onder ons werk. Ons bid dat onredelike werkgewers én onredelike werknemers tot ander insigte sal kom.

Ons bid vir die leiers op elke gebied, dat elkeen sy/haar afhanklikheid van U sal beseef en sy/haar verantwoordelikheid teenoor U en sy/haar medemens sal nakom.

Ons dank U vir die lewe en dat ons in U mag glo. Ons dank U vir u nabyheid, liefde en genade. Gee ons geloof dat ons U kan dien met die gawes wat U ons gee.

Ons bid dit van U omdat U ons Vader is. Amen.

## Lief en leed



Mev Rina Loader

- Die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het op 15 April oor die bekronings vir 2021 besluit. Die pryse sal tydens twee virtuele bekroningsplegtighede later vanjaar oorhandig word. 'n Besondere erepenning is toegeken aan **mev CE (Rina) Loader**, woonagtig in Wene, Oostenryk. Sy is getroud met prof Jimmie Loader, emerituspredikant van die NHKA. Die prys word aan haar toegeken vir haar inspanning oor 23 jaar met betrekking tot die bevordering en bekendstelling van Afrikaans in Europa, en in die besonder haar betrokkenheid by die opleiding van Afrikaans aan die Universiteit van Wene, waar sy sedert 1998 die vak Afrikaans uitgebou het en dus oor meer as twee dekades Afrikaans onderrig het. Hierdie betrokkenheid het, geografies gesproke, verder gestrek as Wene omdat sy ook akademiese aksies rakende Afrikaans onderneem en/of georganiseer het in Duitsland (Leipzig, Hamburg), Hongarye (Boedapest) en Salzburg. Baie geluk!
- **Die volgende predikante verjaar tot 30 April 2021, en word hartlik geluk gewens:**
  - Vrydag 23 April: Di CJH (Casper) Steenkamp (66) (emeritus) en F (Francois) Evert (59) (Declercqville)
  - Saterdag 24 April: Ds HP (Herman) van den Berg (61) (Elandsport)
  - Sondag 25 April: Prof AG (Andries) van Aarde (70) (emeritus) en dr WAJ (Wimpie) van Schoor (58) (Primrose-Oos)
  - Maandag 26 April: Ds HPF (Paul) Kern (69) (emeritus)
  - Dinsdag 27 April: Dr KD (Kálmán) Papp (69) (emeritus)
  - Woensdag 28 April: Ds P (Pieter) Rossouw (35) (beroepafwagter)
  - Vrydag 30 April: Ds WJ (Wimpie) Steyn (76) (emeritus)

## Gemeentes en bediening



Prof Andries Breytenbach

- **Prof APB (Andries) Breytenbach** (emeritus) het 'n beroep ontvang na Vanderkloof (deelyds). Hy het die beroep aanvaar en is op 18 April daar bevestig.
- Die beplande datums en plekke van vanjaar se **ringsvergaderings** is in *Blitspos* van 15 April 2021 en *Die Hervormer* van Mei 2021 gepubliseer. Neem asseblief kennis dat van die datums en/of vergaderplekke egter kan verander. Maak dus betyds in u ring seker van die finale besonderhede.
- Weens tegniese punte kon die **ring van Johannesburg** se beplande aanlyn vergadering van 13 Maart nie plaasvind nie, en is dit **uitgestel na 22 Mei 2021**. Dit sal nie 'n aanlyn vergadering wees nie, maar sal fisies gehou word by die Nederlandssprekende Gemeente, vanaf 07:30.
- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** benodig die dienste van 'n dinamiese **orrelis**. Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. Aansoek, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, NHKA Gemeente Welgelegen-Pietersburg, by [george.marais@fineandcountry.com](mailto:george.marais@fineandcountry.com). Oudl George Marais kan gekontak word by 083 300 0554.
- **Vakante werkruimte vir die samewerkende kerke in Harare**. Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoek word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevoertuig.

**Aansoek** moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan [njssteenekamp@gmail.com](mailto:njssteenekamp@gmail.com). Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

## Beplande vergaderings

- Vrydag 23 April: Beleggingskomitee

## Kerklike publikasies

- Die **Mei 2021-uitgawe van *Die Hervormer*** word tans gefinaliseer, en is die eerste uitgawe wat vanjaar gedruk word. Die drukwerk geskied tans *ad hoc*, afhange van die Covid-inperkingsvlakke. Die artikels van elke uitgawe word op die Kerk se webblad geplaas, en met ingang van die Maart 2021-uitgawe word 'n pdf-weergawe ook aan predikante en gemeentes gestuur. Tydens die voortgesette navorsing oor die effektiwiteit van die Kerk se publikasies, is besluit dat, met ingang van die Mei 2021-uitgawe, **elke gemeente minstens vyf (5) eksemplare van die gedrukte weergawe** (wanneer dit gedruk word) van die Kerk se amptelike mondstuk moet ontvang. Pragtige werk word deur die meeste van ons predikante gedoen om die inhoud van *Die Hervormer* met hul lidmate te deel. Daar is egter ongelukkig ook gemeentes waar lidmate skaars weet van hul Kerkkoerant, en waar geen gedrukte weergawe ooit beskikbaar is nie. Ons doen 'n vriendelike beroep op elke gemeente om weekliks een artikel van die kansel af bekend te stel, en dalk 'n kopie van *Die Hervormer* op 'n prominente kennisgewingbord by die kerkgebou vas te steek sodat al die lidmate daarvan kennis kan neem. (Lidmate kan in die April 2021-uitgawe van *Die Hervormer* meer lees oor die elektroniese verspreiding van die publikasie.)

- Gemeentes moet mev Sarie Roux van die Sinodale Boekwinkel in kennis stel indien die **adresse waarheen pakkies** (ook van *Die Hervormer*) **gekoerier moet word**, verander. Kontak haar by [boekwinkel@nhk.co.za](mailto:boekwinkel@nhk.co.za).

- In die **April 2021-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** skop ons af met **ds Hannelie Botha** se redaksionele artikel *Jy maak saak* met die klem op Paasfees en #AllLivesMatter, waarna sy ons meer vertel oor *ekostene* en die gebruik daarvan vir bouprojekte by onder andere skole met die oog op 'n groener planeet. **Ds Lilian Erasmus** kleur *Tooi Turkoois vir Bejaardes* vir ons in, en ons sluit ons Paas-uitgawe af op 'n gepaste wyse met **ds Erika Ferreira** se artikel *Tot aan die einde en verder*. Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.



# God die Digter

## Gewyde gedigte in Afrikaans

'n Unieke Afrikaanse woordkuns-DVD neem die kyker op 'n ontdekkingsstog van die self, die lewe, die natuur, en bowenal God se skeppende alomteenwoordigheid. Deur gewyde gedigte wat leef in teks, beeld en klank, word die lewe gevier en hoop gebring in 'n duister tyd.

Die DVD kos R150 plus versendingskoste. Bestel van die woordkunstenaar en samesteller van die program, Helena Conradie.

[helena@pieteravzconradie.co.za](mailto:helena@pieteravzconradie.co.za)    082 873 5177

## 'n Gedig

### Skielik

Daar was geen groet nie:  
net jou skielike vertrek;

geen roering  
van jou hand in wuif;

geen glimlag  
wat vir laas  
oor jou gesig sou skuif;

geen aanloop  
tot die opstyg van jou laaste vlug,  
geen kleiner word  
wat stippel deur die lug ...

– net jou wegraak  
in die niet en blou;

en ek wat langsaam  
oral soek na jou.

**Salvia Ockhuis**

(LitNet-nuusbrief 845, 14/04/2021)

## Toerusting



**BYBEL**  
**30U**  
**BLOKKE**  
Bybel-Media

**Maak 'n impak en bemoedig mense in hulle geloof!**

**Vir slegs R50 per maand kan jy 'n verskil maak in kinders, jongmense en ander gelowiges se lewe.**

Besoek [www.bybelmedia.co.za](http://www.bybelmedia.co.za) om jou bydrae te maak.

- **Maak 'n verskil** in kinders, jongmense en ander gelowiges se lewe! Ondersteun **Bybel-Media se BybelBouBlok-projek**. Bybel-Media wil in hierdie moeilike tye 'n simboliese bouprojek aanpak. Ons vra dat 20 000 Christene elke maand BybelBouBlokke by Bybel-Media koop. Deel hierdie projek met jou vriende en familie en vra hulle om ook BybelBouBlokke te koop. Besoek [www.bybelmedia.co.za](http://www.bybelmedia.co.za) om jou BouBlok(ke) te skenk.

## Allegaatjie

'n Slang in die gras? 'n Man van Sydney in Australië het gedink dis 'n groot wurm in die sak blaarslaai wat hy in 'n plaaslike supermark gekoop het, totdat die slang sy tong uitgesteek het! Die *pale-headed snake* (*Hoplocephalus bitorquatus*), 'n giftige slang endemies aan Australië, het vermoedelik sowat 870 km van Toowoomba na Sydney in die sak slaai gereis. Die slang het waarskynlik in 'n semi-hibernasie-toestand gegaan toe die blaarslaai in die koue gestoor is. Die slang is teruggeneem na waar die blaarslaai gepluk is, en vrygelaat. 'n Kenner sê die slang was maar net 'n babatjie wat in die moeilikheid beland het. (Maroela Media, 20 April 2021)

## Barmhartigheid

- **VAKATURE: Sekretaresse** by Rata Maatskaplike Dienste. Rata, wat al vir meer as 70 jaar maatskaplike dienste in vier provinsies lewer, benodig tans die dienste van 'n administratiewe persoon by hul Capital Park-kantoor. Die vereistes vir die pos is graad 12, 'n geldige bestuurslisensie en betroubare vervoer na die kantoor, tweetaligheid om aan die spesifieke behoeftes van die kantoor te voldoen, rekenaarvaardigheid en ervaring van boekhou en kleinkasbestuur, en die vermoë om streng vertroulikheid te handhaaf. Stuur aansoeke na [info@rata.org.za](mailto:info@rata.org.za).
- **Eenpersoonwoonstelle** beskikbaar by **Annie Schilz** teen R3 840 per maand (krag uitgesluit). Hierdie woonstelkompleks is geleë in 'n rustige omgewing naby hospitale en dokters. Dit is op dieselfde perseel as Ons Tuis Riviera. Verskeie dienste word gelewer teen billike tariewe. Vir meer inligting, kontak mnr Hennie van der Walt by 012 329 3707.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het twee **tweeslaapkamer-woonregeenhede** beskikbaar by Frans Boshoff: Woonstel 3 teen R485 000 en Woonstel 16 teen R439 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergierewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**  
Kieserstraat 126, Rietondale  
Een enkelwoonstel te koop teen R510 000  
Een eenslaapkamerwoonstel te koop teen R515 000  
Een 1½-slaapkamerwoonstel te koop teen R520 000  
Een tweeslaapkamerwoonstel te koop teen R560 000  
Een tweeslaapkamerwoonstel te huur teen R6 500 per maand  
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544  
[Seniordalpta@gmail.com](mailto:Seniordalpta@gmail.com)



## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za).

## Gebede vir ons boere

### Gebed vir boervroue

Liewe Heer, maak my as dorps- en stadsmens  
'n voorbidder vir boervroue wat die lug dophou,  
die kepe om hul mans se monde dophou,  
die mieliemeel in die pakhuis dophou,  
die instromende rekeninge dophou.  
Here, gee aan elke boervrou  
daardie innerlike fontein wat oor El Nino,  
oor misoes en sprinkaanplaag, oor droogte  
en vloed en onverwagte koue fronte triomfeer.  
Wees U vir elke boervrou  
die enigste standhoudende fontein.

### Gebed van 'n boer

Vader, ek haal my hoed af voor U.  
Ek staan met 'n geboë hoof.  
U weet dat ek dit uitskreeu in my afhanklikheid  
en dat ek soms wonder of U nog omgee.  
Vandag wil ek alles wat kamma myne is  
vir U gee om daarmee te maak wat U wil.  
Net drie dinge vra ek van U:  
dat U my hoër sal laat groei as die geilste mielies;  
dat U die wilde lote uit my sal wegsnoei sodat  
ek gesonder vrug sal dra as uitvoerdruie;  
dat U tuiser in my huis sal wees  
as wat ek tussen my beeste voel.

### Maretha Maartens

(Uit: *'n Jaar van gebed*, 1993)

*(Sondag 25 April is Biddag vir die Gesaaides en Dankdag vir die Oes)*

